

Sessie 1: Die grootste onderwerp op aarde

Vooraf: Kyk sessie 1:

<https://www.rightnowmedia.org/Content/Series/393402?episode=1>

Skriflesing:

1. **Joh 13: 34** Ek gee julle 'n nuwe gebod: julle moet mekaar liefhê. Soos Ek julle liefhet, moet julle mekaar ook liefhê. 35As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van My is.”

2. **2 Kor 5: 16** Ons beoordeel dus van nou af niemand meer volgens menslike maatstaf nie. Al het ons Christus vroeër volgens menslike maatstaf beoordeel, nou beoordeel ons Hom nie meer so nie. 17Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom. 18Dit alles is die werk van God. Hy het ons deur Christus met Homself versoen en aan ons die bediening van die versoening toevertrou. 19Die boodskap van versoening bestaan daarin dat God deur Christus die wêreld met Homself versoen het en die mense hulle oortredinge nie toereken nie. Die boodskap van versoening het Hy aan ons toevertrou.

20Ons tree dus op as gesante van Christus, en dit is God wat deur ons 'n beroep op julle doen. Ons smeeek julle namens Christus: Aanvaar die versoening met God wat Hy bewerk het!

3. **Fil 1: 27** Hoofsaak is dat julle lewenswandel in ooreenstemming met die evangelie van Christus moet wees.

Dink oor die volgende vrae:

1. Watter gedagte of woord staan vir jou uit in die gedeelte?
2. Hoe beskryf mens 'n 'volwasse verhouding'? Probeer 'n sinoniem gee.
3. Hoekom word verhoudings as 'die belangrikste onderwerp' beskryf?
4. Wat dink jy word bedoel met die stelling: Jesus het gekom om verhoudinge te kom herstel?
5. Verhoudings is 'n doen-ding. Watter implikasies het dit vir gelowiges?
6. Watter wysheid en gerusstelling gee die Bybelgedeeltes hierbo vir ons oor ons verhoudinge?
7. Wat wil jy in jou verhoudings anders gaan doen?